

om my kastele in Spanje te sloop van Jaco Barnard-Naudé

Human & Rousseau

2024

Resensent: Dewald Koen (Nelson Mandela Universiteit)

ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-0781-4915>

Jaco Barnard-Naudé se debuutbundel is onlangs aangewys as die wenner van die 2025 Ingrid Jonker-prys. Met hierdie besondere digbundel dra Barnard-Naudé by tot 'n gevestigde groep digters soos Fourie Botha, Marius Crous, Johann de Lange, Joan Hambidge en Loftus Marais wat gereeld vanuit 'n queer-perspektief dig.

Die voorplat aktiveer die psigoanalitiese stramien met spesifieke verwysing na water soos verbeeld in Sibusiso Ngwazi se skildery getiteld "Under Water" wat op die omslag verskyn. In dié opsig is die vele betekenis van water as simbool soos dit in die menslike onderbewussyn manifesteer, van belang. In die menslike onderbewussyn kan water as simbool van lewe en kreatiwiteit beskou word. Dit is hierdie kreatiwiteit waaraan die digter-spreker uiting gee in die bundel. In die motto word daar onder andere verwys na die psigoanalisis, Sigmund Freud. Die aanhaling lui

soos volg: "I have had to demolish all my castles in Spain". Freud se aanhaling skakel direk met die bundeltitel. Die titel dui op die digter-spreker se behoefte om sy "kastele" oftewel "lugkastele" te sloop. Die metafoor stel ten doel om die droomwêreld waarin die digter-spreker soms verkeer te vernietig. Temas soos queer liefde, verlies van 'n minnaar, die ars poëtika, depressie asook 'n komplekse verhouding met die vaderfiguur kom aan bod. Hierdie smagtinge (of droombeelde) is nie altyd die ideaal waarna die digter-spreker streef nie en moet gevolglik "gesloop" word om weer sy spreekwoordelike stem te vind.

Die programgedig “Le poète (1911) – Picasso” dien as sleutel tot die digbundel. Die gedig is ’n vernuftige spel waarin die digter-spreker die kuns van poësie – die skryfproses – verken. Die verwysings na Spaanse kunstenaars soos Pablo Picasso en George Braque sluit aan by die Spaanse milieu wat in die titel voorkom. In die gedig stel die digter-spreker ten doel om ’n woordspel daar te stel om sodoende die kreatiewe skryfproses visueel uit te beeld:

opgekerf
 uitgesprei
sittê hy
 en dommel

verloop veral
vervorm
’n hersenskim
geflans

dubbelmond diagonaal
vergete pyp spiraal
vermaarde pyp rook
die Sondagmiddaglig

[...]

een
twee
drie
die skepping blok
sigself:

die rede skoon
ontredder

die denke dig
gefnuik

Hierdie treffende programgedig fokus primêr op die kreatiewe skeppingsproses en word gelykgestel aan die visuele kuns soos in Pablo Picasso se skildery getiteld “Le poète”. Die digter stel homself hier gelyk aan die kunstenaar. Die verwysing na George Braque is opvallend. Braque het as skilder ’n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Kubisme. Die tipografiese spel sinspeel op die unieke aard van die skeppingsproses. Die spel met ritme en rym dien as die digter se verfkwas waarin woorde tot kuns omskep word. In “Aesopus –

Velázquez” merk die digter-spreker op: “[...] is dít wat kom van verslawing aan kuns? armsalige kleet/ oor boggelrug en ’n aantal besittings sommerso/ pofferige oë in frommelgesig en dan, natuurlik die woord/ konkreet in boek bewaar, deeglik klinkklaar”. Ook in sy woordkuns word die woord bewaar.

Die bundel is in ses afdelings verdeel en bevat verskeie gedigte wat fokus op queer identiteit. Die digterlike geheue dien as ’n leitmotief wat in die gedigte resoneer. In “jeugfoto” onderneem die digter-spreker ’n herinneringsreis na sy jeug en word die herinneringe deur middel van ’n foto opgeroep: “’n verbleikte foto van ons wys ek en jy/ is tienermusikante – ek met ’n tjello,/ jy die dwarsfluit – Jik-wit hemde, moue wyd./ ons speel hysbakmusiek op ’n skoolsaalverhoog - / die dandy duo van ’n plattelandse myndorp/ (in die skaakbordvierkant “moffies”, kant en klaar).” Die woord “moffie” en “dandy duo” word doelbewus gebruik om die digter-spreker se ervaring as buitestanderfiguur te beklemtoon. As jong seuns word hulle gekonfronteer deur stereotipering en vooroordele weens hul “andersheid”. In “de manu in manum” tree die ars poëtika weer eens na vore. Die geslaagde gebruik van ’n wedloop-as-metafoor word deur die digter-spreker gebruik om die seksuele (masturbasie) te verken: “die tafeldoek/ ’n pylvak/ die een hand/ atleet/ en die ander hand/ wenstreep/ [...] die een hand/ vreeslik femme/ die ander/ o so straight/ die gedig kom in/ by verbode aflossing”. Queer liefde word ook in “Boodskap van ’n vriend – Miró”, “Mary Vetsera sweet bloed en sy verbreek die stilte”, “Michel Foucault, 1980” en “Bjorn Czepan (1979-2010)” verken. In “Jakob worstel met die engele” tree die spreker intertekstueel in gesprek met Loftus Marais se derde bundel *Jan, Piet, Koos en Jakob* (2019). Barnard-Naudé se spel met Bybelse verwysings en die onderliggende erotiek word behendig verwoord: “die jare het sussend verbygegaan, daar was wel/ Kallie, die seun van die bure,/ hy wou altyd in die badkamer stoei/ en ek het hom maar laat begaan want/ die Here weet jy kan nie elke engel/ op ’n myl sien aankom nie”.

Verwysings na digters (“&Union”), musici (“Mary Vetsera sweet bloed en sy verbreek die stilte”), skilders soos Picasso en Velázquez, filosowe asook verwysings na skrywers vertolk ’n belangrike funksie in die bundel. Barnard-Naudé tree intertekstueel in gesprek met onder andere Auden in die gedig “Spanje, Auden”: van stryd het die ou meester veel geweet/ ook van tyd: gister is die verlede se aanraking”. Die eerste versreël sinspeel op Auden se gedig “Musée des Beaux Arts”. Later merk die spreker op: “die meester het Spanje opgeskryf, 1937 gedokumenteer/ maar hy’t geweet om poësie te skryf is nie ambulansdryf nie”. Die verwysing na die Spaanse burgeroorlog word gelykgestel aan die skryfproses wat “nie die bloed [demp] nie”. Die digter-as-kunstenaar kom tot die besef dat die kreatiewe skryfproses nie noodwendig heling – hetsy fisiek of geestelik – teweeg kan bring nie. Dit “snel te hulp, maar demp nie bloed nie”. Die kreatiewe skeppingsaksie oftewel die ars poëtika slaag volgens die digter-spreker nie daarin om heling teweeg te bring nie.

Die digter-spreker se komplekse verhouding met die vaderfiguur word in die slotafdeling ondersoek. In “U eie keuse, Radio Suid-Afrika, 1989” en “sekwense aan my pa” word die alkoholis-pa en die konteks van die verkrampde Suid-Afrikaanse politieke milieu en samelewing

met mekaar verweef. Die digter-spreker dissekter sy verhouding met sy pa in die konteks van 'n konserwatiewe, heteronormatiewe bestel. Hy besef egter dat die pa-figuur self 'n slagoffer van die samelewing was en dat sy tekortkominge nie noodwendig uniek is nie:

[...]

ek skat elke huis het sy kruis en niemand is onfeilbaar nie
 maar die Here weet, jy met jou bokserige Volkswagen Jetta
 jy met jou posttraumatiese stres, jy met jou polisie koffie
 jy was niemand nie
 jy was my pa

Die slotgedig "Freud-museum, Londen" sluit die bundel op 'n hoogtepunt af deur die "drade" van temas, metafore en intertekstuele verwysings wat deurgaans figureer suksesvol as eenheid byeen te bring. In die opsig is die slotstrofe veelseggend:

[...]

op pad buitoe onthou ek geen droom
 daar bestaan nie 'n rekord van hierdie besoek:
 drome is wense en seuns brand alewig,
 die beteuerte slaap van hul vaders, vergeefs,
 om my kastele in Spanje te sloop kos veel meer
 as wat die Groot Wiggelaar my ooit kon leer.

Die bundel is 'n welkome toevoeging tot die bestaande korpus poësie waarin queer identiteit prominent figureer. Barnard-Naudé se debuut slaag daarin om op vernuftige wyse gestalte aan die kreatiewe proses te verleen. Deur middel van die geskrewe woord word allerlei kunsvorme verken en word die kreatiewe as deel van menswees in sy vele gedaantes ondersoek. Die bundel verleen 'n spreekwoordelike stem aan die vele kreatiewe stemloses wat deur die eeue weens hul unieke aard, talent en persoonlikheid as "anders" beskou is hetsy Freud met sy klem op die seksuele onderbewussyn óf Sylvia Plath wat haarself vergas het. Soortgelyk aan die beeld van water wat kan reinig, word die digter-spreker in staat gestel om sy drome in 'n "nuwe" konteks te verken: "[...] ek voel ontsaglik armoedig, ek moes ál my kastele/ in Spanje sloop en het nou flussies weer die moed/ bymekaargeskraap om hulle van voor af op te bou".